# Week 3
# Luisterspeletjies

**Met hierdie speletjies word die volgende Afrikaanse woordeskat by die kind ingeskerp:**

- Die name van die bekendste liggaamsdele in die **enkelvoud** en **meervoud**.
- KLEURE: geel, rooi, blou PLUS groen
- RUIMTE: voor, agter, onder, op PLUS langs
- TEL: Steeds een, twee, drie, vier, vyf
- ALGEMEEN (groottes en eerste wiskundige begrippe): groot PLUS groter en die grootste asook klein PLUS kleiner en die kleinste

**Speletjie 1: "Slaan die prent morsdood" ('n speletjie vir een* of meer deelnemers**)**

U HET NODIG

- Die prentkaarte op **bladsy 3 van die uithaalboek**, vooraf uitgeknip.
- Wondergom of kleefklei waarmee u die prente teen 'n muur of op die vloer kan vasplak.
- 'n Vel koerantpapier per deelnemer, vooraf in 'n stywe buis gerol.

STAPPE

1. Flits die prentkaarte vir die deelnemer(s) en laat hulle die prente benoem.
2. Plak dieselfde prentkaarte teen 'n muur of op die vloer vas met wondergom. Gee vir elke deelnemer 'n koerantpapierbuis.
3. Benoem een van die prente/flits een van die kleiner prente.
   - Watter deelnemer kan die prent eerste raaksien en "morsdood slaan" met die koerantbuis? As die deelnemer die prent self kan benoem, mag hulle dit hou.
   - As die deelnemer die prent nie kan benoem nie, sê u die woord, die deelnemer herhaal die woord as oefening en die prent bly teen die muur/op die vloer geplak.

*Net een deelnemer: Hoeveel prente kan jy in 10 minute bymekaarmaak?
**Meer as een deelnemer: Wie het aan die einde van die speletjie die meeste prente?

> **Wenk:** Brei die speletjie uit deur nog prentkaarte te maak. U kan die liggaamsdele self teken of prente uit tydskrifte knip en op kartonvierkante plak.

**Speletjie 2: "Slaan die kleur morsdood" ('n speletjie vir een* of meer deelnemers**)**

Hierdie speletjie werk net soos Speletjie 1, maar u moet vooraf self die volgende hulpmiddels maak: Twee (2) **groot**, **groter** en **die grootste** vierkante/sirkels in elk van die volgende kleure: geel, rooi, blou en groen (dus 12 vierkante of sirkels altesaam).

U HET NODIG

- Die 12 veelkleurige vierkante/sirkels.
- Wondergom of kleefklei waarmee u die vierkante/sirkels teen 'n muur of op die vloer kan vasplak.
- 'n Vel koerantpapier per deelnemer, vooraf in 'n stywe buis gerol.

STAPPE

1. Laat die deelnemer(s) die vierkante/sirkels volgens kleur sorteer en die kleure benoem.
2. Nou kan die deelnemers elke kleur se vierkante/sirkels volgens grootte rangskik.
3. Gee byvoorbeeld die opdrag om die grootste geel vierkant vir u te wys en te benoem. Herhaal met ander kleure en die begrippe "groot"/"groter"/"die grootste" en "klein"/"kleiner"/"die kleinste" sodat die begrippe en uitspraak goed ingeskerp kan word.
4. Plak nou een stel sirkels/vierkante op die vloer of teen die muur vas. Hou een stel vir uself. Gee vir elke deelnemer 'n koerantpapierbuis.
5. Hou, byvoorbeeld die groot, blou sirkel op. Gee opdragte soos die volgende: "Slaan hierdie sirkel vir my morsdood." OF "Slaan 'n blou sirkel wat kleiner/groter is vir my morsdood." Herhaal met ander kleure en groottes.
6. Wie kan die regte grootte en kleur eerste raaksien en "doodslaan" met hulle koerantbuis?
   - As die deelnemer die kleur en grootte kan benoem, mag hulle die sirkel/vierkant hou.
   - As die deelnemer die prent nie benoem nie, benoem u dit, hulle herhaal die woord as oefening en die vorm (vierkant/sirkel) bly teen die muur/op die vloer geplak.

*Net een deelnemer: Hoeveel vierkante/sirkels kan jy in 10 minute bymekaarmaak?
**Meer as een deelnemer: Wie het aan die einde van die speletjie die meeste vierkante/sirkels?

> **Nota vir die *Nuwe Alles-In-Een*-onderwyser:** Hierdie speletjie is 'n prettige aanvullende oefening, of u kan die Luisterspeletjie (Stap 4 by Dag 4 se Luister en Praat-aktiwiteit in die Onderwysersgids) met hierdie een vervang.

## Sê wat jy alles sien.
## Kleur die prente in met die kleur wat gevra word.



**Oor hierdie bladsy:** Die bladsy stel woordeskat bekend wat tipies in 'n klaskamer of in die kind se studieruimte voorkom. Benoem die woordeskat in volsinne. Byvoorbeeld: "Mat. → "Dit is 'n mat." OF: "Tas." → "Dit is 'n tas." Laat die kind die woord en sin herhaal. Let op korrekte uitspraak. Gebruik die kleure geel, rooi, blou en groen PLUS swart vir inkleuropdragte. Indien die *Nuwe Alles-In-Een*-program gevolg word, word die bladsy op Dag 2 met Gedeelde Lees en ook met die week se Luister- en Praat-periodes gebruik.

**Prentwoordeskat:** boek, mat, gom, uitveër, liniaal, potlood, skêr, skryfbord en bordkryt, stoel, tafel, waterverf en kwas, kind se eie prent, vetkryte, inkleurpotlode, skerpmaker, tas (skooltas).